

**Sondag 12 April (Paassondag)**

**Skrifgedeelte: Markus 2:18-22**

**Fokusgedeelte: Markus 2:18-22 (1933/53-vertaling)**

### **Die Bruidegom bring feesvreugde**

**M**et Jesus se koms kon niks dieselfde bly nie. In die Evangelie volgens Markus se tweede hoofstuk word die radikale koms van God se koninkryk beskryf in terme van vier titels waarmee die Here Homself beskryf: *die Seun van die Mens* (Mark. 2:10 n.a.v. Dan. 7:13), *die Geneesheer* (Mark. 2:17 n.a.v. Jes. 57:18, 19), *die Here van die sabbat* (Mark. 2:28 n.a.v. Gen. 2:2, 3) en hier in ons Skrifgedeelte *die Bruidegom van Israel* (n.a.v. Jes. 62). Al vier titels dui daarop dat die Messias self in hulle midde was.

Hierdie was 'n heerlike nuwe begin vir die volk en niks sou ooit weer dieselfde kon wees nie. Die Goddelike bruilof waarvan die Ou Testament profeteer, was op hande. Die Here Jesus was die Bruidegom en sy dissipels was die bruilofsgaste. Ten spyte daarvan dat die Fariseërs en Johannes die Doper se dissipels deur hulle vasgebruike in vroomheid geskitter het, is so iets nou met die aanbreek van die Bruilofsfees heeltemal onvanpas. Ná die Bruidegom se vertrek, ná sy opstanding en hemelvaart sal daar weer 'n geleentheid wees waar die volk van God hulle verlange sou kon uitdruk deur te vas. Maar nou is daar slegs rede tot vreugde.

Nou, met die Bruidegom se eerste koms, sal dit 'n fout wees om die nuwe bedeling en die ou bedeling met mekaar te probeer vermeng. Die Here Jesus gebruik twee voorbeelde uit die alledaagse lewe om die dwaasheid daarvan aan te toon: nuwe materiaal vol elasticiteit kan nie vasgewerk word op 'n ou lap wat al bros geword het nie. Net so sal die ou wynsakke nie geskik wees om 'n jong wyn, wat nog gistend is, te berg nie. Beide die ou lap en die ou wynsak sal gou skeur en verlies tot gevolg hê.

Nou kan elkeen van ons onself die volgende afvra: Het ek al die vreugde van die Christus se eerste koms in my lewe ervaar, en het ek nou 'n opregte verlange vir sy tweede koms?

*Sing: Psalm 45-1:1, 9*

*Ds. G Opperman (Gustav) (Matlabas)*